# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAN

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE
REACHING NATIONS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XVII** APRIL 2024 **No. 10**


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**PSALM 34:2-11**

2. Ek sal die Here altyd weer prys, sy lof sal altyd op my lippe wees.

3. Ek sal die roem van die Here sing; die wat swaar kry, sal dit hoor en daaroor bly wees.

4. Sing saam met my oor die grootheid van die Here en laat ons saam sy Naam prys.

5. Ek het die Here aangeroep en Hy het my geantwoord, Hy het my gered uit alle doodsgevare.

6. Dié wat swaar kry, sien op na Hom en straal van blydskap, hulle word nie teleurgestel in hulle verwagting nie.

7. Ek is een van die ellendiges wat geroep het. Die Here het gehoor, uit al my benoudhede het Hy my gered.

8. Die Engel van die Here slaan sy laer op rondom dié wat die Here dien, en red hulle.

9. Kom ondervind en sien self dat die Here goed is! Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil.

10. Julle wat aan die Here behoort, dien Hom! Wie Hom dien, het geen gebrek nie.

11. Selfs leeus ly gebrek en kry honger, maar wie die Here se hulp vra, kom niks kort van al die goeie dinge nie.

# DAAR IS 'N VERLOSSER WAT JOU RED! MOENIE BANG WEES NIE!



*Sis. Jesy Veena Sam*

Ons Here, wat ook ons Verlosser is, lei ons in hierdie tyd. In Bybelse tye het dieselfde Here God die mense se geroep gehoor, geluister na hul smekinge, hulle gered uit alle gevare en vir hulle verlossing gegee. Kom ons ondersoek hoe Hy sommige mense gered het deur enkelinge wat in die Bybel genoem word.

## 1. MOSES!

Kom ons ondersoek hoe Moses die volk Israel gered het en uit wat se omstandigheid. Eksodus 2 vertel van Moses se geboorte. As gevolg van Josef het die Israeliete aanvanklik vryheid geniet in Egipte. Maar later het hulle slawe geword in dieselfde land, onderwerp aan slegte behandeling en groot smart. Hulle het hul foute geken en na die Here geroep.

*....verv. op.bls. 3*




**Echo of His Call**

***YouTube Christian Channel !***

**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – van 2.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

*** Skryf gerus in en deel ***

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

REACHING NATIONS



## van julle geliefde broer...



> "... die Here sal jou beskerm, Hy sal sorg dat jy nie in 'n strik beland nie."
> - Spreuke 3:26.

**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


HON. EDITOR-IN-CHIEF

Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.

MANAGING EDITOR

Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

GENERAL MANAGER

Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.

ADMINISTRATION

Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)

EDITORIAL BOARD

Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Sis. L. Mariya Anjalin, M.A., M.Sc., B.Ed.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran

EDITOR, PUBLISHER & PRINTER

Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858, 95661 31858

E.MAIL

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

WEBSITES

www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

YOUTUBE CHANNEL

Echo of His Call


Geliefde broers en susters in Christus,

Hartlike groete vir julle in die wonderlike Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus.

Ons is opgewonde oor die terugvoer wat ons kry oor ons verskeie bedienings, insluitend die maandelikse uitgawe van **Echo of His Call** tydskrif in 16 tale, **Echo of His Call YouTube**-kanaal in 4 tale, **BIBLECOR - Basic Bible Correspondence Courses** in 3 tale, **Theological Correspondence Courses** in 2 tale, **Nehemia Bybelkolleges** in 3 verskillende plekke, **St. Paul's Matriculation School** (Village English High School), Moederkerk en susterkerke. Ons is aktief betrokke in die verspreiding van die Evangelie aan die wêreld. Ons waardeer opreg julle ondersteuning en goedhartigheid, en sien uit na julle terugvoer.




*Jaarlikse dag by St. Paul Matrikulasieskool*

Ons is baie dankbaar om te kan vertel van die sukses van die Jaarlikse Dagfeesvierings by ons **St. Paul Matrikulasieskool** wat op 2 Maart 2024 gehou is. Dit studente het hul talente daar vertoon en baie ouers het dit bygewoon, asook kinders en inwoners van die omliggende gebiede. Dit was soos 'n konferensie en bevrydingsbyeenkoms, en ons is dankbaar vir julle volgehoue gebede.

Op 3 Maart 2024 het ons 'n spesiale Kinder- en Jeugbyeenkoms gehou by die kampus van **St. Paul Matrikulasieskool**. Ongeveer 100 lede het dit bygewoon en daar was spesiale liedere, getuienisse en boodskappe.



*Spesiale Kinder- en Jeugsaamtrek*

**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) ✪ BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) ✪ YouTube Ministry ✪ Online Courses ✪ Theological Correspondence Courses (2 languages) ✪ Church Planting ✪ Nehemiah Bible Colleges ✪ Gospel Printing Press ✪ Great Commission Partners ✪ St. Paul's Matriculation School ✪ Crusades ✪ Community Development



*Gebed vir student by hul openbare eksamen*

Ons ontmoet gereeld jong kinders op Sondae na die kerkdienste. Hierdie kinders word opgevoed in God se weë. Ons benodig meer studente, goeie onderwysers en leiers vir ons **St. Paul Matrikulasieskool** en **Nehemia Bybelkolleges** in Hindi en Tamil. Daarby wil ons graag meer lesers hê van ons **Echo of His Call** nuusblad in 16 tale. Stuur asseblief vir ons adresse van vriende en familie, sodat ons die nuusblad in hul eie tale vir hulle kan stuur, gratis. Ons sal ook graag meer lesers daarvan in die Urdu-taal wou kry. Enige manier waarop julle kan help sal baie waardeer word en God sal julle beloon.

Ons bid gedurig vir vrede en voorspoed in alle lande van die wêreld, in besonder vir geestelike welvaart in Indië. Ons vra God om sy seën oor julle uit te giet, ook oor julle gesinne en julle lande.

Ons **Nehemia Bybelkollege** se fakulteitslede vergader elke maand onder leiding van Eerw. M. Muthu, die voorsitter, en ons nuut aangestelde Senior Hoof Eerw. J. John Rajarathnam om ontwikkeling en gereelde aktiwiteite te bespreek.



*Nehemia Bybelskool Raadsvergadering*

Julle e-posse, briewe, telefoonoproepe ens. is vir ons soos geskenke van die Here, want dit bemoedig ons om aan te hou in die geestelike oorlog. Ons het julle spesiale gebede nodig vir ons Kantoorpersoneel, Gemeentelede, Hulpredakteurs, Pastore, Evangeliste, Studente in ons kinders se Sondagskool, Village High School, Bybelkolleges, Drukpers-personeel, en ook vir ons gesinslede. Verskeie werkers is fisies nie gesond nie. Onthou hulle asseblief wanneer julle bid.

God seën julle oorvloedig.

Julle dienaars in Christus Jesus,

**PS. ALEX SAMSON SAM**
**PS. S. SAM SELVA RAJ**

(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

## VRIENDELIKE AANDAG: ECHO OF HIS CALL LESERS

Ons 5 minute **Echo of His Call** YouTube boodskappe word uitgesaai vanaf 2.00 vm. in Tamil, Telugu, Engels en Hindi (daagliks). Jy kan die genade van God ondervind deur daarna te kyk.

Nog meer, stoor my mobiele nommers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (persoonlik) op jou selfoon.

- Pr. S. Sam Selva Raj

*verv. v. bls.1*

Die Here het tevore vir Abraham gesê sy nageslag sal vir 400 jaar lank slawe wees Egipte (Genesis 15:13). In Genesis 15:16 is geprofeteer: “Maar in die vierde geslag sal hulle hierheen terugkeer.” Die Here, getrou aan sy belofte, het hul geroep gehoor.

In ondraaglike pyn het hulle gepleit: “O Here! Wees genadig teenoor ons en red ons uit die farao se bose hande. Wanneer gaan ons die land Kanaän erf, die land wat oorloop van melk en heuning, soos belowe aan ons voorouers? Wanneer kan ons ons God in vryheid aanbid en vir Hom offers bring?”

Die Here wat sy mense toets (maar nooit bo hul vermoë nie) het hulle geroep gehoor. Ten spyte van hul eiesinnigheid het sy liefdevolle hart altyd genade bewys wanneer hulle tot inkeer gekom en na Hom geroep het.

### *Bid asseblief!*

Somervakansie Bybelskool sal gehou word deur ons bedienings, oral in Indië gedurende April en Mei. Ons het julle gebede hiervoor nodig.

- Redakteur

Die Here het Moses gekies as die Israeliete se verlosser uit die magtige hand van die farao. Moses was al voor geboorte hiervoor bestem (Psalm 139:16), en was toe wonderbaarlik beskerm toe al die manlike kinders onder twee jaar verdrink moes word in Egipte. Moses se ma het hom weggesteek tot hy drie maande oud was, maar toe het dit moeiliker geraak. Sy het hom toe in 'n biesiemandjie gesit en tussen die riete in die Nylrivier gesit, al was daar altyd krokodille in die rivier.

Moses is as 'n prins opgevoed in die farao se paleis. Rondom 40 jaar oud het hy per ongeluk 'n Egiptenaar doodgemaak toe hy sy Hebreeuse identiteit ontdek het, en toe die woestyn in gevlug. God het hom tydens die volgende 40 jaar as skaapwagter nader getrek en vir hom 'n visie gegee.

Moses sien toe 'n bos wat brand maar nie verbrand nie, en wonder toe hoe dit kan gebeur. Die bos brand, maar die takke en blare verbrand nie! Toe hy nader gaan, sê God vir hom: “Moses, Moses, Ek het die hulpgeroep van die Israeliete gehoor. Jy moet na die farao in Egipte gaan, praat met hom sodat hy die Israeliete kan vrylaat en dan lei jy hulle na Kanaän, die land wat aan Abraham en Isak belowe is. Ek vertrou hierdie taak aan jou toe.”

Moses het gehuiwer, vrae gehad, besorg dat hulle hom nie sal glo nie, en sy swak praatvermoë. Maar ten spyte van al sy verskonings het God hom verseker: “Gaan na die farao toe, Ek is by jou. Vat jou broer Aäron saam en gaan praat.”

Soms het ons ook soos Moses allerlei verskonings wanneer God ons iets spesifiek opdra of sekere selfsugtige optredes wil keer.

Maar Moses het uiteindelik aanvaar hy is gekies om die Israeliete te bevry, en het gegaan. God het persoonlik met Moses gepraat, soos met 'n vriend (Eksodus 33:11). Moses, deur God gekies hiervoor, het wonderwerke gedoen en die mense uit Egipte gelei, deur die Rietsee. Ons lees hiervan in Ekodus 1-14. Maar die Here het die farao toegelaat om hulle te agtervolg nadat hulle vrygelaat was. Na 430 jaar (vier geslagte) in Egipte beland hulle toe voor die Rietsee, met die farao agter en berge aan elke kant. Erg benoud roep hulle weer uit.

Toe Moses raad vra, sê God hy moet die see oopmaak. Hy steek toe sy hande uit met die kierie, en die water begin verdeel en staan soos mure weerskante, en daar vorm 'n pad vir die volk om deur te loop. Maar, toe die farao hulle later op dieselfde pad agtervolg, het die water teruggevloei en almal het verdrink. En so is God se almag en heerlikheid vertoon. Ja, so het Moses God se volk gered deur die see oop te kloof.

## 2. OTNIËL!

Rigters 3:1-11 vertel hoe die Israeliete knaend in sonde verval het deur Kanaänitiese gode te dien, al het hulle wonders beleef. God het hulle gestraf deur hulle vir agt jaar onder koning Kusan Risatajim van Mesopotamië te laat ly as slawe.

Maar ons Here het nie die sondaars vergeet nie. Toe hulle om hulp geroep het, het die Here 'n verlosser voorsien, soos Jesaja 54:7 getuig: “Net 'n oomblik het Ek jou verstoot, in my groot liefde vat Ek jou terug.” Toe het die Israeliete tot die Here geroep, en Hy het vir hulle 'n redder na vore laat kom wat hulle gered het. Hy was Otniël seun van Kenas, 'n jonger broer van Kaleb. Die Gees van die Here was op hom en hy het oor Israel geregeer. Otniël het oorlog gemaak teen koning Kusan-Risatajim van Mesopotamië, en die Here het hom

....verv. op.bls. 6

**NEHEMIA RESIDENSIëLE/AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

Medium : Hindi / Tamil

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*
Asia Theological Association (ATA)
Erken deur Internasionale Christenleiers &
Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

Certificate in Ministry
Diploma in Theology

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**
HAAS JOU VIR TOELATING!

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR ✶

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES
SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2024 April 19 Tot Mei 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**April 19** ➲ Sy seën op ons **Echo of His Call YouTube Kanaal** wat onbereikte veeltalige mense bereik.

**April 20** ➲ Sy seën op ons **St. Paul Matrikulasieskool, Nehemia Bybelkollege**, en **Bybel Korrespondensie kursusse.**

**April 21** ➲ Sy beskerming van ons **Echo of His Call Bediening** se personeel en hul gesinne.

**April 22** ➲ Sy guns oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**April 23** ➲ Sy seën oor ons Jaarlikse Dagvieringe van die **St. Paul Matrikulasieskool** wat gehou is op 2 Maart 2024.

**April 24** ➲ Sy seën op ons Eksamen gebedsbyeenkoms en jeugaksies wat op 3 Maart 2024 gehou is.

**April 25** ➲ Sy seën op die jeug wat hulle bemoedig het om entoesiasties betrokke te wees in al ons Kerklike aksies.

**April 26** ➲ Sy seën op die suksesvolle voltooiing van die 10th Class Government Public Examinations deur die studente van ons **St. Paul Matrikulasieskool.**

**April 27** ➲ Ons vra vir seën op al ons Kerke, Sondagskool, Jeug en Skoolbedienings.

**April 28** ➲ Ons vra vir seën vir die VET (Visiting Evaluation Team) se besoek deur die A.T.A (Asia Theological Association) vir ons **Nehemia Bybelkollege** Akkreditasie..

**April 29** ➲ Beskerming van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle soorte bose magte.

**April 30** ➲ Sy seën op ons publikasies in 16 tale wat met ons Drukpers gedruk word en dan na die sendingvelde gestuur word..

**Mei 01** ➲ Sy seën op die finansiële jaar 2023-2024.

**Mei 02** ➲ Ons Hulpredakteurs, Koördineerders en hul gesinne.

**Mei 03** ➲ Goddelike beskerming van alle lande in die chaos en vrees van oorlog.

### Bid asseblief vir ...

**Mei 04** ➲ God se beskerming om die wêreld te beskut teen uiterste weerstoestande.

**Mei 05** ➲ Al die ma's wat hul kinders so toegewyd opvoed in hierdie wêreld.

**Mei 06** ➲ Die vrede van God in Israel, Palestina, Oekraïne, en Rusland.

**Mei 07** ➲ Die suksesvolle afhandeling van ons Senior Pastoor se outobiografie.

**Mei 08** ➲ God se leiding vir die nuwe finansiële jaar.

**Mei 09** ➲ God se vertroosting vir Pastoor Johnny se bedroefde gesin.

**Mei 10** ➲ Ons Evangelie Drukpers en sy dag tot dag werke.

**Mei 11** ➲ God se seën op ons ATA Akkreditasie-aktiwiteite.

**Mei 12** ➲ Eenheid en eensgesindheid tussen ons werknemers in ons organisasie.

**Mei 13** ➲ Die sukses van ons **Nehemia Bybelkollege** se seremonie op 01 Junie 2024.

**Mei 14** ➲ Die toelating van verdienstelike studente tot ons Inwonende en Aandklas **Nehemia Bybelkollege** vir die 2024-2025 akademiese jaar.

**Mei 15** ➲ Die toelating van nuwe studente vir ons **St. Paul Matrikulasieskool** vir die 2024-25 akademiese jaar.

**Mei 16** ➲ Pasiënte wat wêreldwyd lank in hospitale moet bly weens terminale siektes.

**Mei 17** ➲ God se seën op lande waar die leiers Hom eer en dien.

**Mei 18** ➲ Die beëindiging van gruweldade teen bedienings en sendelinge.

*verv. v. bls.4*

oorgegee in die mag van Otniël. Hy het vir Kusan-Risatajim verslaan. (Rigters 3:9-10). Daarna het die land 40 jaar lank vrede gehad. So het die Here vir Otniël gebruik as verlosser van sy volk.

## 3. GIDEON!

Later lees ons in Rigters 6 hoe die volk weer kwaad gedoen het, en die Here hulle toe oorgegee het aan die Midianiete, vir sewe jaar.

Die Midianiete, Amalekiete en ander mense uit die ooste het die Israeliete se landerye verwoes soos sprinkaanswerms. Die volk het gevlug en by bergstroompies en in grotte gaan bly (vers 2, 4-5). In hul nood het hulle na God geroep, en Hy het 'n profeet gestuur om hulle te herinner hoe Hy hulle in die verlede gered het uit Egipte se verdrukking en hulle bemoedig om nie bang te wees vir die Amoriete se gode nie (vers 8-10).

Selfs as sy mense afgedwaal het, het hul hulpgeroep die Here iemand laat kies en gestuur om hulle te gaan red.

Ons luister ook soms nie na die Here se stem nie. Maar tog, as die moeilikhede ons oorval, roep ons na Hom en in sy genade red Hy ons uit ons nood.

Om Israel te red het God 'n engel gestuur wat toe verskyn het onder die groot boom by Opra op die grond van Joas die Abiësriet. Sy seun Gideon het graan uitgetrap in 'n wynpers sodat die Midianiete dit nie kon sien nie. Die engel groet toe vir Gideon as “dapper held,” maar hy vra toe hoekom hulle soveel moeilikheid het as God by hulle was, en waar is nou al die wonderwerke van die verlede?

God het egter nie sy huiwerigheid, net soos Moses, aanvaar nie en hom verseker dat sy sending om Israel te red, suksesvol sal wees: “Ek is by jou, en jy sal die Midianiete verslaan asof hulle nie meer as een is nie.” (Rigters 6:15-16).

Maar, Gideon was nog kleingelowig en vra 'n teken van die Here, en hy wil eers vir Hom 'n offer voorberei. God het toe self die offer aan die brand gesteek, en toe het Gideon vrede gehad en sy taak begin uitvoer.

Maar die Here waarsku hom toe dat dit nie goed sal wees as hy te veel soldate het nie. Die volk kan dan dalk spog oor hul eie vermoë. Gideon moes hulle toe uitdun, en uiteindelik bly net 300 oor en die res word huis toe gestuur. (Rigter 7:8).

Die Midianiete se kamp was in die vallei, en daardie nag stuur God toe vir Gideon daarheen en verseker hom van oorwinning. “Die Midianiete, die Amalekiete en die ander mense uit die ooste wat die vlakte ingeval het, was so baie soos sprinkane, en die kamele kon nie getel word nie. Hulle was so baie soos die sand aan die see. (Rigters 7:12).

Gideon was nog bietjie terughoudend, maar kry toe opdrag om 'n gesprek in een van die Midianiete se tente te gaan afluister, en hoor toe van 'n droom oor 'n garsbrood wat hulle tente platgerol het (Rigters 7:10-14). Toe het hy geweet!

Hy verdeel toe sy manskappe in drie groepe, en bewapen hulle met trompette, leë kruike en fakkels. Hulle breek toe die kruike en blaas die trompette ter selfder tyd en skree: “Die swaard van die Here en Gideon!” (Rigters 7:20).

Sonder enige gewone oorlogwapens het hulle eervolle uitroepe 'n wonderbaarlike oorwinning tot gevolg gehad en die vyand het gevlug en mekaar doodgemaak (Rigters 7:22). Hierdie oorwinning was 'n geskenk van God en het Gideon 'n verlosser van Israel gemaak, met 40 jaar vrede daarna.

Midde in ons moeilikhede sal lof aan God wonders ontketen en droefheid omkeer in vreugde.

Gideon se rol as verlosser wys duidelik dat God reageer op die hulproepe van sy mense. In tye van groot nood sal ons gebede Hom iemand as 'n verlosser en beskermer laat stuur.

Draai gerus na bemoedigende verse in tye van hartseer trane, soos Jesaja 41:10 wat sê: “Moenie bang wees nie, Ek

## Nehemia Bybelkollege

## Gradeplegtigheid, 2023-2024



**Plek : BKN Hall, Vepery, Chennai – 07.**
**Datum : 1ste Junie, 2024 (Saterdag)**
**Tyd : 5.00 P.M.**



Omtrent 50 studente sal hul studies voltooi en na die sendingveld gestuur word.

Ons benodig 75 studente vir die Tamil en Hindi kursusse vir die 2024-2025 akademiese jaar. Bid asseblief vir hierdie saak. Toelatings gaan nog aan vir die volgende jaar 2024-2025.

is by jou." En Jesaja 43:4 – "Omdat jy vir My kosbaar is, omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet, gee Ek mense in jou plek, volke in ruil vir jou lewe."

Soms as ons alleen reis mag ons dalk innerlik ongemaklik raak, en wanneer ons dan begin angstig raak, praat God met 'n ander passasier om ons te help; net daar word daardie persoon jou redder. Wanneer ons in die hospitaal opgeneem word, stuur God onbekende dokters of verpleërs om ons liefdevol te versorg – en hulle is God-gestuurde verlossers. Baie van ons het al sulke goddelike ingrypings ondervind.

Die Here is ons skaduwee aan die regterkant, en gee beskerming. Gesigte wat intens opkyk na Hom word verlig. En al maak ons foute, moet ons dit altyd erken en weer met God versoen en luister na ons gewete.

In die tydperk voor Moses het mense se gewete hulle gelei, en deur Moses het God toe wette en bevele voorsien om ons te lei in 'n heilige leefwyse.

**Nou, kom ons delf in die storie van Jona.**

## 4. JONA!

Jona, 'n profeet in die Bybel, was deur God gestuur na Nineve om hulle te waarsku oor hul goddeloosheid. Maar Jona het gevlug en 'n skip na Tarsis gehaal, wat groot wind en storms tot gevolg gehad het.

Toe die bemanning besef dis weens Jona se ongehoorsaamheid, het hulle hom oorboord gegooi, maar God het 'n groot vis gestuur om Jona in te sluk – en die vis het Jona se redder geword. Na drie dae het die vis hom toe uitgespoeg.

*....verv. op.bls. 9*


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

**Echo of His Call, Post Box 2957,** CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## JESUS CHRISTUS IS DIESELFDE GISTER, VANDAG EN VIR ALTYD


"LAAT JOU SORGE AAN DIE HERE OOR, HY SAL SORG"
– PSALM 55:23

In 1969 het ek 'n ontmoeting van die Here Jesus gehad wat my lewe verander het, al het ek aanvanklik Christenskap teengestaan. Hierdie ervaring het gelei tot my redding, maar skeuring gebring tussen my en my ou vriende wat my wou beseer. Tog het die Here my beskerm asof ek sy oogappel was.

Met baie beloftes van God het ek toe na Chennai verhuis in 1971. My eerste dag daar was uitdagend. Ek het niemand geken nie en moes die nag op straat deurbring. Doodsbenoud het ek die hele nag wakker gebly.

Rondom 2 uur die oggend het twee polisiemanne my gesien en kom vra wat aangaan. Ek het my familieverhaal met hulle gedeel en vertel hoe die Here Jesus my lewe verander het. Daarmee kon hulle niks fout vind nie, maar het gevra hoekom ek in die nag op straat was. Een het voorgestel hulle vat my na die polisiestasie, maar die ander een het genoem dat dit lyk asof ek uit 'n eerbare agtergrond kom.

Later het hy na my gekyk en gesê: "Kom saam." Hulle het my toe na die polisiestasie geneem en vir my blyplek gereël in 'n motorhuis langs 'n ander polisieafdeling se werkers. Hy het my gerusgestel en verseker: "Dit is 'n veilige en geskikte plek vir enigeen wat 'n beter lewe soek. Ek voel sterk om jou te help, maar ek weet nie van waar hierdie gevoel kom nie. Daar is 'n slang wat dikwels snags hier kom. Maar hy het nog nooit iemand beseer nie, so daar is nie rede vir kommer nie. As jy die slang teëkom, staan net stil. Die goddelike mag wat jou lei sal jou beskerm." Ek het die polisieman nooit weer daarna gesien nie.



Teen dagbreek het ek gevoel asof ek in 'n put beland het, beangs soos wanneer 'n tier voor jou staan. Met die wete van nagtelike slangbesoeke vat ek toe 'n glas water, bid, en sprinkel die water oral in die vertrek en roep: "Oorwinning in die bloed van Jesus Christus." En verstommend het geen insek of slang gedurende my verblyf daar in die motorhuis ingekom nie. Dit was 'n veilige plek.

Tydens my verblyf daar in die motorhuis het ek vriende gemaak met heelwat polisiemanne. Hulle het my vrymoedig vertrou rondom hulle probleme, en deur my gebede het baie oplossings gevind vir hierdie probleme en het Jesus as Verlosser aangeneem. Die goddelike teenwoordigheid daar was baie merkbaar, met die gevolg dat hulle my met groot respek behandel het terwyl hulle groot vreugde en beskerming geniet het.

Die Here het my toe na 'n ander plek gelei en gehelp om 'n huis te huur. God voorsien. Die wat hul vertroue in die Here ons God stel, sal niks kortkom nie. Jesus Christus bly dieselfde, gister, vandag en vir altyd. Hy sal ook ongewone wonders in jou lewe doen.

***Terwyl my tog in die woestyn my uitput,***
***Hoor ek my geliefde se stem wat my troos en seën.***
***Al styg die waters van die Rietsee om my,***
***Sal die Here my red en 'n uitkoms gee.***
***Hy sal verseker red en nuwe krag gee***
***Om al my teenstanders te verslaan en te vernietig.***

*******

*verv. v. bls.7*

Jona het sy fout erken, en toe God hom weer stuur, het hy gegaan en die mense geleer om sonde te los, belydenis te doen, en so het hy hul verlosser geword.

Al die redders wat ons sover leer ken het, het mense gered van goddelose heersers of van die gevolge van hul ongehoorsaamheid. Almal van hulle het uiteindelik gesterf en is begrawe, en die mense het aangegaan met sonde. Uiteindelik het God sy Seun Jesus Christus gestuur, in menslike gestalte. Sondeloos het hy die sweepslae verduur, die beskuldigings, en uiteindelik die kruis verduur waar Hy sy lewe afgelê het vir ons sondes. Op die derde dag het Hy opgestaan uit die dood, en deur sy Gees leef Hy in jou, in ons, lei Hy ons, wys ons tereg, beskerm ons selfs wanneer ons fouteer, totdat Hy ons kom haal. Sy graf bly oop en leeg, die simbool van ons ewige lewe.

Ja, ten spyte van ons foute is Jesus daar om ons te lei, te korrigeer, te beskerm, te stuur volgens sy wil en oor ons wag te hou totdat ons die hemel bereik.

Ek wil graag vir elke geliefde leser 'n belangrike boodskap gee: “Kom nader aan God, en Hy sal nog nader aan jou kom. (Jakobus 4:8).

Verder, Hy het besondere seën belowe vir diegene wat Hom hartlik volg en sy gebooie gehoorsaam: “Jesus antwoord hulle: “Dit verseker Ek julle: Wanneer alles nuut gemaak word, as die Seun van die mens op sy koninklike troon sit, sal ook julle wat My gevolg het, op twaalf trone sit en oor die twaalf stamme van Israel regeer.” (Mat 19:28). Wie anders sal hierdie besondere seën kry?

As mense wat in sonde gebore is in hierdie stukkende wêreld behoort ons hierdie Verlosser ernstig te volg, want Hy vernuwe ons tot heiligheid. Kom ons leef heilig vir Hom, ons oog op 'n toekoms waar ons op trone sit langs Hom en leef as regters. Laat ons onsself toewy en kwalifiseer vir hierdie besondere lewe. Die Here wat jou geroep het is heilig, so gedra jou soos 'n heilige. “Wees heilig, want Ek is heilig!” (1 Petrus 1:16).

Mag die Here jou seën en begelei. Amen!

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie sentra) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Bid asseblief vir Echo of His Call se Poskurusse

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen 'n Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word 'n geestelike dienaar binne 'n paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

## Bid asseblief
## ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th APRIL 2024
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

## *JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**